CAPESPAN

we deliver



**CAPESPAN GROUP BEPERK**
**ONGEOUDITEERDE RESULTATE**
vir die ses maande geëindig 30 Junie 2009

English copy available from the
Company Secretary or www.capespan.com

**INHOUD**

**Verkorte Inkomstestaat ..... 1**

**Kommentaar ..... 2**
- Herstrukturering van Aandeelhouding
- Inkomste
- Bedryfswins
- Buitengewone Items

**Kommentaar Vervolg ..... 3**
- Finansiële Inkomste
- Wins voor Belasting
- Belasting
- Minderheidsbelang

**Verdienste per Aandeel ..... 4**

**Balansstaat ..... 4**
- Aandeelhouersekwiteit

- Vaste Bates ..... 5
- Aandelekapitaal ..... 5
- Dividend ..... 5
- Vooruitskouing ..... 5

**Groepinkomstestate ..... 6**

**Verkorte Kontantvloeistate ..... 6**

**Groepbalansstate ..... 7**
- Verkorte Verdienste per Aandeel ..... 7

**Groepstaat van Veranderings in Ekwiteit ..... 8**

## Verkorte Inkomstestaat

| | 2009 R m | 2008 R m | % Verandering |
|---|---|---|---|
| **Groepinkomste** | **1 335.2** | **1 038.6** | **28.6%** |
| **Aangepaste VVRB *** | | | |
| - moeder- en filiaalmaatskappye | 48.6 | 60.0 | -19.0% |
| - aandeel van verwante maatskappye | 14.2 | 23.9 | -40.6% |
| **Totale aangepaste VVRB** | **62.8** | **83.9** | **-25.1%** |
| Netto rente-inkomste | 15.0 | 14.9 | 0.7% |
| **Aangepaste wins voor belasting **** | **77.8** | **98.8** | **-21.3%** |
| Wins met verkoop van vaste bates | - | 0.4 | |
| Waardedaling van vaste bates | (0.2) | - | |
| Belasting van verwante maatskappye | (4.3) | (7.5) | |
| **Wins voor belasting per inkomstestaat** | **73.3** | **91.7** | **-20.1%** |
| Belasting | (21.4) | (25.9) | -17.4% |
| Minderheidsbelang | 0.6 | 1.6 | -62.5% |
| **Wins toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers** | **52.5** | **67.4** | **-22.1%** |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **16.9** | **16.5** | **2.4%** |

* **Aangepaste VVRB (Verdienste voor Rente en Belasting)** is bedryfswins, met uitsluiting van die waardedalingsbedrae, wins met verkoop van beleggings, netto rente en belasting, met insluiting van die ekwivalente aandeel van verwante maatskappye se wins voor belasting.

** **Aangepaste wins voor belasting** sluit die waardedalingsbedrae, wins met verkoop van beleggings en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit.

Dit is die eerste finansiële verslag van Capespan Group Beperk na die suksesvolle implementering van die herstrukturering van aandeelhouding in Januarie 2009.

## Herstrukturering van Aandeelhouding

Die herstrukturering van die Groep se aandeelhouding is met 'n oorweldigende meerderheid deur die aandeelhouers goedgekeur in Januarie 2009. Dit het daartoe gelei dat die totale uitgereikte aandelekapitaal van Capespan Group Beperk van 407,2 miljoen uitgereikte aandele in Capespan Group Holdings Beperk tot 331,2 miljoen aandele verminder het. Die maatskappy en sy filiaalmaatskappy, Capespan (Edms) Bpk, het 99,6 miljoen aandele vir R126,3 miljoen verkry, waarvan 76,0 miljoen aandele gekanselleer is.

## Inkomste

Die Groep se inkomste het met 28,6% van R1,04 miljard tot R1,34 miljard toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van stygings in die Vrugte- en Logistieke Divisies. Die styging in die Vrugtedivisie se inkomste was die gevolg van verhoogde verkoopsaktiwiteite in Japan en Noord-Amerika en die devaluasie van die Rand teenoor die VSA Dollar en Jen, wat onderskeidelik met gemiddeld 19,9% en 32,7% gedepresieer het vergeleke met dieselfde tydperk in die vorige jaar. Die Logistieke Divisie het groei in inkomste in al die maatskappye in die divisie getoon, met goeie groei in die hawens (FPT).

## Bedryfswins

Aangepaste VVRB het van R84,9 miljoen tot R62,8 miljoen afgeneem, 'n daling van 25,1%. Hierdie afname kan toegeskryf word aan 'n daling in die bedryfswins van die Vrugtedivisie. Die Vrugtedivisie se afname was hoofsaaklik as gevolg van die laer winsgewendheid van Capespan Exports as gevolg van die laer VAB-pryse wat behaal is en die laer bestuursfooi wat van die Namibian Grape Company ontvang is, omdat die vorige jaar 'n uitsonderlike jaar was. Die Vrugtedivisie se afname is teëgewerk deur 'n verbetering in die Logistieke en Beleggingsdivisies, met eersgenoemde toename wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan groei in die hawe-aktiwiteite en ons bedrywighede in Mosambiek.

Die verlaging in die aandeel van verwante maatskappye was die gevolg van die moeilike handelsomgewing in Capespan Continent, met laer volumes en pryse wat met gemiddeld 13% gedaal het. Ons plaasonderneming, Rapiprop, het ook 'n moeilike eerste helfte beleef, met swak weerstoestande wat 'n impak op volumes gehad het, tesame met verhoogde produksiekoste en laer pryse wat behaal is. Hierdie afnames in winsgewendheid is teëgewerk deur verbeterde prestasie deur Capespan VK, Metspan en the wine people groep wat almal goed presteer het in moeilike marktoestande.

## Buitengewone Items

Die buitengewone items in die halfjaar was 'n waardedaling van R0.2 miljoen (2008: R0.4 miljoen wins) soos in die tabel hieronder uiteengesit.

| | 2009<br>R m | 2008<br>R m |
|---|---|---|
| Waardedaling van vaste bates FPT Kaapstad | (0,2) | - |
| Wins met verkoop van vaste bates en beleggings | - | 0.4 |
| | **(0.2)** | **0.4** |

## Finansiële Inkomste

Netto rente-inkomste het met 0,7% van R14,9 miljoen tot R15,0 miljoen toegeneem. Die betreklik klein toename is 'n gevolg van die laer internasionale rentekoerse en 'n laer oorhoofse kontantposisie omdat die Groep R126,3 miljoen van sy vry kontant gebruik het om aandele terug te koop as deel van die herstrukturering van aandeelhouding.

## Wins voor Belasting

Aangepaste wins voor belasting het R77,8 miljoen beloop,'n afname van 21,3% op die vorige jaar se totaal van R99,8 miljoen. Soos uiteengesit in die verkorte inkomstestaat hierbo, sluit die aangepaste wins voor belasting waardedalingsbedrae, kapitaalwins op die verkoop van beleggings en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit, wat volgens IFRS-reëls onder wins voor belasting aangetoon word. Wins voor belasting onder IFRS het R73,3 miljoen beloop vergeleke met die vorige jaar se R91,7 miljoen.

## Belasting

Die belastinguitgawe per die inkomstestaat het van R25,9 miljoen tot R21,4 miljoen afgeneem. Belasting op die onderliggende bedrywighede het van R33,4 miljoen tot R25,7 miljoen gedaal, met 'n effektiewe belastingkoers van 33,3% teenoor die 33,7% in die vorige jaar. Die feit dat die effektiewe belastingkoers hoër is as die Suid-Afrikaanse belastingkoers van 28% kan toegeskryf word daaraan dat 'n groter gedeelte van die winste verdien word in regsgebiede met hoër belastingkoerse en SBM op die dividend wat betaal is.

| | 2009<br>R m | 2008<br>R m |
|---|---|---|
| Belasting per inkomstestaat | 21.4 | 25.9 |
| Belasting van verwante maatskappye | 4.3 | 7.5 |
| | **25.7** | **33.4** |
| Aanpassings | | |
| Belastingimpak op waardedalings | - | - |
| Belasting op wins met verkoop van vaste bates | - | - |
| Belasting op onderliggende aktiwiteite | **25.7** | **33.4** |

## Minderheidsbelang

Die minderheidsaandeel van die Groep se nabelaste wins het 'n verhaling van R0,6 miljoen beloop. Dit het van R1,6 miljoen in die vorige jaar afgeneem, wat 'n gevolg is van die toename in die winsgewendheid van MCT en Fisher Capespan.

## Verdienste per Aandeel

Die berekening van die wesensverdienste per aandeel sluit die buitengewone items wat hierbo gelys is uit en word hieronder aangetoon.Wesensverdienste per aandeel het met 2,4% van 16,5 sent tot 16,9 sent toegeneem. Die verlaging in die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 406,2 miljoen tot 312,1 miljoen is die gevolg van die herstrukturing van aandeelhouding.

| | 2009<br>R m | 2008<br>R m |
|---|---|---|
| **Aangepaste wins voor belasting** | **77.8** | **98.8** |
| Onderliggende belastingheffing | (25.7) | (33.4) |
| Minderheidsgedeelte | 0.6 | 1.6 |
| **Wesensverdienste** | **52.7** | **67.0** |
| **Geweegde gemiddelde getal aandele** | **312.1** | **406.2** |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **16.9** | **16.5** |

## Balansstaat

## Aandeelhouersekwiteit

Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy het afgeneem van R1,03 miljard op 31 Desember 2008 tot R871,9 miljoen. Die verlaging kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die terugkoop van aandele met die gevolglike kapitaalverlaging en negatiewe impak van omskakelingsverliese.

Die omskakelingsverskille spruit voort uit die omskakeling van ons buitelandse beleggings, as gevolg van die versterking van die Rand teenoor die Jen (21,5%), VSA Dollar (16,7%), MZM (21,4%) en GBP (3,9%) vanaf die wisselkoerse op jaareinde. Dit het ‘n negatiewe omskakelingsverskil van R53,8 miljoen tot gevolg gehad.

Beweging in aandeelhouersekwiteit

| | 2009<br>R m |
|---|---|
| Openingsaldo voorheen gerapporteer | 1 025.0 |
| Netto wins vir die jaar | 52.5 |
| Omskakelingsverskil netto van belasting | (53.8) |
| Kapitaalverlaging met aandele-terugkoop | (126.3) |
| Dividende betaal | (25.5) |
| **Saldo aan einde van jaar** | **871.9** |

Ten spyte van die verlaging in ekwiteit het die netto batewaarde (NBW) per gewone aandeel van 252,9 sent soos op 31 Desember 2008 tot 291,8 sent verhoog as gevolg van die terugkoop wat plaasgevind het teen ‘n prys wat laer as die netto batewaarde was.

## Vaste Bates

Die afname in eiendom, aanleg en toerusting van R4,2 miljoen vanaf 31 Desember 2008 was as gevolg van die waardevermindering vir die jaar wat die kapitaalbesteding oorskry het.

## Aandelekapitaal

In opvolging van die herstrukturering van aandeelhouding het Capespan (Edms) Bpk sy aandeelhouding in Capespan Group Beperk gedurende die tydperk verhoog deur 'n bykomende 0,5 miljoen aandele ter verhaling van 'n eis te verkry, wat die getal aandele wat gehou word tot 32,2 miljoen verhoog het, wat 9.72% van die uitgereikte aandelekapitaal verteenwoordig.

## Dividend

Die Maatskappy het op 19 Junie 2009 'n tussentydse dividend van 8,5 sent per aandeel betaal. 'n Tussentydse dividend is betaal omdat die Maatskappy eers in Januarie 2009 beheer oor Capespan Group Holdings Beperk oorgeneem het en gevolglik sy eerste jaareinde eers op 31 Desember 2009 sal hê.

## Vooruitskouing

Die impak van die globale finansiële krisis het tot 'n beduidende afname in die prys van vrugteprodukte in die internasionale markte gelei. Dit, tesame met 'n afname in die volume sitrus wat na verwagting van Suid-Afrika uitgevoer gaan word en 'n versterkende geldeenheid, sal 'n negatiewe invloed op die Groep se inkomste en produsentebetalings in die tweede helfte van die jaar hê. Die vooruitskouing vir die oorblywende ses maande van 2009 is dus dat dit na verwagting 'n uiters uitdagende tydperk gaan wees.



**Neil Oosthuizen**, Besturende Direkteur
Namens die Direksie
21 Augustus 2009

## Groepinkomstestate

| | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2009 R'000 | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande tot Des 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **1 335 190** | **1 038 555** | **2 424 192** |
| Koste van verkope, verspreiding en administratiewe koste | (1 286 762) | (978 128) | (2 290 184) |
| Ander inkomste | 153 | 30 | 4 710 |
| Ander uitgawes | (152) | - | (2 494) |
| **Wins voor finansieringskoste en winste van verwante maatskappye** | **48 429** | **60 457** | **136 224** |
| Finansiële inkomste | 55 554 | 37 079 | 86 253 |
| Finansiële uitgawes | (40 594) | (22 204) | (49 869) |
| Aandeel van winste van verwante maatskappye | 9 880 | 16 408 | 23 334 |
| **Wins voor belasting** | **73 269** | **91 740** | **195 942** |
| Inkomstebelasting-uitgawe | (21 362) | (25 908) | (66 321) |
| **Netto wins vir die tydperk** | **51 907** | **65 832** | **129 621** |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy | 52 488 | 67 421 | 129 531 |
| Minderheidsbelang | (581) | (1 589) | 90 |
| **Netto wins vir die tydperk** | **51 907** | **65 832** | **129 621** |

## Verkorte Groepkontantvloeistate

| | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2009 R'000 | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande tot Des 2008 R'00 |
|---|---|---|---|
| **Netto kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(309 476)** | **(195 085)** | **14 111** |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | (17 325) | (38 300) | (38 439) |
| Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite | (133 727) | (116 577) | (124 498) |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente** | **(460 528)** | **(349 962)** | **14 111** |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | 200 598 | 260 750 | 260 750 |
| Uitwerking van valutabewegings op kontant en kontantekwivalente | - | - | 88 674 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk** | **(259 930)** | **(89 212)** | **200 598** |

## Groepbalansstate

| | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2009 R'000 | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande tot Des 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **544,678** | **534,897** | **531,573** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 248,070 | 259,916 | 252,253 |
| Klandisiewaarde en ontasbare bates | 52,867 | 38,334 | 38,867 |
| Uitgesteldebelastingbate | 32,048 | 29,097 | 31,634 |
| Beleggings in verwante maatskappye | 161,532 | 142,388 | 149,792 |
| Ander finansiële bates | 42,356 | 65,162 | 59,027 |
| Finansiële bates gehou vir verkoop | 7,805 | - | - |
| **Bedryfsbates** | **1,339,045** | **1,265,487** | **1,106,587** |
| Voorraad | 26,653 | 20,243 | 18,784 |
| Handelsbedrae ontvangbaar | 640,175 | 629,365 | 393,042 |
| Ander ontvangbare bedrae | 314,698 | 247,035 | 275,314 |
| Kontant en kontantekwivalente | 357,519 | 368,844 | 419,447 |
| **Totale bates** | **1,883,723** | **1,800,384** | **1,638,160** |
| **Ekwiteit en laste** | | | |
| **Ekwiteit** | | | |
| Uitgereikte kapitaal en premie | 414,024 | 461,784 | 461,784 |
| Tesourie-aandele | (28,774) | 168 | 168 |
| Nie-verdeelbare reserwes | 40,536 | 3,126 | 94,373 |
| Behoue inkomste | 446,096 | 438,779 | 468,660 |
| **Totale ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouers van die houermaatskappy** | **871,882** | **903,857** | **1,024,985** |
| Minderheidsaandeelhouersbelang | 577 | 553 | 2,887 |
| **Totale ekwiteit** | **872,459** | **904,410** | **1,027,872** |
| **Nie-bedryfslaste** | **85,950** | **70,387** | **70,314** |
| Rentedraende lenings | 14,847 | 30,543 | 21,638 |
| Nie-rentedraende lenings | 25,370 | 26,295 | 25,370 |
| Uitgesteldebelasting-las | 14,657 | 8,126 | 13,109 |
| Werknemervoordele | 31,076 | 5,423 | 10,197 |
| **Bedryfslaste** | **925,314** | **825,587** | **539,974** |
| Oortrokke bank en korttermynlenings | 617,450 | 458,056 | 218,849 |
| Rentedraende lenings | 13,571 | 13,375 | 15,284 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 237,600 | 290,112 | 223,711 |
| Belasting | 25,267 | 26,461 | 32,788 |
| Voorsienings | 31,426 | 37,583 | 49,342 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **1,883,723** | **1,800,384** | **1,638,160** |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | **291.8** | **222.7** | **252.9** |

## Verdienste per Aandeel

| | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2009 | Ongeouditeer 6 maande tot Junie 2008 | Geouditeer 12 maande tot Des 2008 |
|---|---|---|---|
| Geweegde gemiddelde getal gewone uitgereikte aandele ('000) | 312 146 | 406 193 | 406 193 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | 16.8 | 16.6 | 31.9 |
| Basiese wesensverdienste per aandeel (sent) | 16.9 | 16.5 | 32.8 |
| Dividend per aandeel (sent) | 8.5 | 7.0 | 7.0 |

## Groepstaat van Veranderings in Ekwiteit

| | TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS VAN DIE MOEDERMAATSKAPPY | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | AANDELE KAPITAAL R'000 | AANDELE PREMIE R'000 | OMSKAKE-LINGS RESERWES R'000 | ANDER RESERWES R'000 | BEHOUE INKOMSTE R'000 | TESOURIE-AANDELE R'000 | TOTAAL R'000 | MINDERHEIDS-BELANG R'000 | TOTAAL EKWITEIT R'000 |
| **Saldo 30 Junie 2008** | **4 072** | **457 712** | **-** | **3 126** | **438 779** | **168** | **903 857** | **553** | **904 410** |
| Netto wins vir ses maande | - | - | - | - | 62 111 | - | 62 111 | 2 545 | 64 656 |
| Direk in ekwiteit erken | - | - | - | 689 | 42 | - | 731 | 373 | 1 104 |
| Filiaalmaatskappy verkoop | - | - | - | - | - | - | - | 84 | 84 |
| Omskakelingsverskil | - | - | 86 789 | - | - | - | 86 789 | - | 86 789 |
| Oordrag (vanaf)/na reserwes | - | - | 3 769 | - | (3 769) | - | - | - | - |
| Dividend betaal | - | - | - | - | (28 503) | - | (28 503) | (668) | (29 171) |
| **Saldo 31 Desember 2008** | **4 072** | **457 712** | **90 558** | **3 815** | **468 660** | **168** | **1 024 985** | **2 887** | **1 027 872** |
| Netto wins vir ses maande | - | - | - | - | 52 488 | - | 52 488 | (581) | 51 907 |
| Omskakelingsverskil | - | - | (53 837) | - | - | - | (53 837) | (490) | (54 327) |
| Aandele-terugkoop | (760) | (47 000) | - | - | (46 855) | (31 679) | (126 294) | - | (126 294) |
| Dividend betaal | - | - | - | - | (28 197) | 2 737 | (25 460) | (1 239) | (26 699) |
| **Saldo 30 Junie 2009** | **3 312** | **410 712** | **36 721** | **3 815** | **446 096** | **(28 774)** | **871 882** | **577** | **872 459** |

CAPESPAN

CAPESPAN GROUP BEPERK

Registrasienommer 1997/018433/06

**www.capespan.com**